# 18 Julie 2023 - Lesing 76 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Rede vir die ontstaan van die skepping – 3/7/58

**NO: 7158** Wat gebeur het in die ryk van die geeste, was die rede vir die ontstaan van die skepping, van die volledige heelal met al sy skeppinge van geestelike en materiële aard. Voor die ontstaan van hierdie skeppinge het slegs die geestelike ryk bestaan, - dit was ‘n wêreld van onmeetlike salighede, waarin geestelike wesens hulleself verheug het oor hulle bestaan en **hulle was in besit van krag en lig en kon skep, na gelang hul bestemming**.

En hierdie “skep” het weereens bestaan uit geestelike skeppinge, in die verwerkliking van gedagtes en idees, wat hierdie wesens vanuit God toegestroom het en wat hulle nou in onmeetlike saligheid tot uitvoer gebring het, omdat die krag daartoe hulle ter beskikking gestaan het en hulle ook hul wil vry kon gebruik.

En hierdie toestand van saligheid van die geestelike wesens hoef nooit te verander het nie, hulle het geen beperking van hul krag, of die vermindering van hul lig te vrese gehad nie, solank in hulle die liefde tot hul God en Skepper onveranderd sou bly en hulle dus deurstraal kon word met Goddelike Liefdeslig.

Maar toe tree die toestand in waarby die wesens nuwe insig verkry, waarby hulle van die kant van die ligdraer Lucifer, die eersgeskape wese van die Ewige Godheid, omdat Hy nie sigbaar was nie, Hy as twyfelagtig voorgestel was, waarby hy homself toe voorgestel het as diegene van wie alle geestelike wesens uitgegaan het en dat hy nou van hulle ook die erkenning as god en skepper verlang.

Nou was die wesens in ‘n tweestryd gebring, want hul liefde geld Hom, Wie hulle geskape het, maar die voorstelling van Lucifer het hulle in verwarring gebring, ja dit het vir hulle geloofwaardiger geskyn, want daar het ‘n glans- en ligstraling van Lucifer uitgegaan en ook was hulle nie by magte om ’n Wese wat bo hom gestaan het, te aanskou nie. Maar daar was ook in hulle die lig van insig, as gevolg waarvan hulle ook die voorstelling van Lucifer in twyfel getrek het.

Maar oomblikke van insig en klein vertroebelinge het nou begin om mekaar af te wissel en hoe meer die wesens hulleself aan laasgenoemde oorgegee het, des te langer het die fase van verduisterde denke geduur, voordat die gedagtes weer helder geword het en die wese sy ware herkoms helder ingesien het. En in hierdie laaste geval **was Lucifer nie by magte om hul insig te vertroebel nie**.

Diegene met vertroebelde gedagtes egter, kry hy baie gou in sy mag en hulle sluit hulleself by hom aan en **sien in hom hul god en skepper**, omdat hy oomblikke vol van lig was, wat steeds weer in hom opgedaag het, voordat die definitiewe val in die diepte plaasgevind het.

Die onverminderde krag wat Lucifer van die begin af besit het, **het ’n ontelbare leër van salige geestelike wesens in die lewe geroep** en uit hierdie oorvloed van sy skeppinge het daar ‘n valse selfbewussyn in hom gegroei. Hy het nie meer die Bron gesien, uit Wie hy hierdie krag geput het nie, maar hy het slegs die “bewyse” gesien van hierdie krag, wat hom deurstroom het en dit wou hy alleen en uitsluitend vir homself besit het, alhoewel hy geweet het dat hyself ook aan Hom toebehoort, met Wie se Krag hy mog skep.

Maar hy wou die Krag nie net alleen besit het nie, maar ook in hierdie wesens hierdie Lig verduister wat aan hulle heel duidelik hul herkoms geopenbaar het. En hy slaag aldus om die wesens in ‘n tweestryd te stort, wat egter ook hul geluksaligheid verminder en hul skeppende werksaamheid belemmer, totdat hulle definitief vir hulle meester gekies het en hulle daardeur, **sowel die wesens asook die ligdraer**, hul krag en lig ingeboet het en **in duisternis gestort het**.